



BOELIE-BELEID

Lucas Meyer Primêre Skool verdra geen boelie-gedrag in enige vorm nie, en alle personeel en ouers is verbind tot die bevordering van 'n veilige en geborge omgewing. Geen persoon het die reg om boelie-gedrag te openbaar nie. Personeel, leerders en ouers sal saamwerk om hierdie gedrag teen te werk.

Hierdie beleid vorm deel van die skool se:

1. Gedragskode vir leerlinge en andere
2. Skoolreëls

DEFINISIE VAN 'N BOELIE

'n Boelie is daardie kind wat ander mense voortdurend terg, spot, verneder, byname gee, bespreek en beskinder. Opsetlik nader met die doel om af te knou of seer te maak, verstoot, magsposisie misbruik, slaan, klap, skop, verkrag en gewelddadig optree. 'n Boelie is voorts daardie kind wat ander se geld, kos, lekkers en besittings vat of afbedel, besittings verniel en beskadig of steel. Gerugte en stories oor maats versprei, maats dreig en intimideer en met moderne tegnologie (selfone, internet) lasterlike en intimiderende boodskappe/ foto's stuur.

'n Boelie word dus gekenmerk deur die gebruik van fisiese-, emosionele- en verbale intimidasie, psigologiese en sosiale teistering, uitlating en elemente van dreigemente.

Enige kind kan die teiken word van 'n boelie. Die slagoffer word gewoonlik uitgesonder as gevolg van psigologiese eienskappe en karaktertrekke, eerder as fisiese voorkoms. 'n Tipiese slagoffer is geneig om meer skaam, sensitief, angstig en onseker voor te kom. Sommige kinders word uitgesonder vir fisiese redes soos oorgewig, klein, liggaamlike gebreke soos om 'n bril te dra, ras of geloofsoortuigings.

Om 'n slagoffer te wees van boelie-gedrag, kan aanleiding daartoe gee dat die slagoffer skoolgaan wil vermy en vrees en angs vir die skool ontwikkel.

VOORKOMINGSMAATREËLS

Van die skool en ouergemeenskap se kant sal alle gevalle waar boelie-gedrag geopenbaar word, gerapporteer word.

Alle personeel sal:

- * opsigtelik toesig hou tydens skoolaktiwiteite.
- * betyds by klasse opdaag vir onderrig.

- * navolgenswaardige gedrag binne- en buite die klas openbaar.
- * leerders inlig oor die verwagte standaard vir gedrag en die skool- en klasreëls aan leerders voorhou.
- * oplettend wees vir enige tekens wat verband mag hou met boelie-gedrag en boelie-slagoffers.
- * alle aangemelde insidente ondersoek, ingelig deur onderwyser betrokke.
- * alle aangemelde insidente dokumenteer.
- * slagoffers ondersteun en hulp en raad verleen.
- * insidente van boelie-gedrag met ouers bespreek.

Alle leerders sal:

- * weier om betrokke te raak in enige gedrag of aktiwiteit wat hulle sal skuldig maak aan boelie-gedrag.
- * alle insidente of selfs net vermoedelike insidente van boelie-gedrag aanmeld.

Alle ouers/voogde sal:

- * belangstel in hulle kind se dag-tot-dag lewe.
- * belangstel in en bewus wees van hul kind se sosiale lewe.
- * bewus wees van enige tekens van ongelukkigheid in hul kind wat verband mag hou dat die kind geboelie word of boelie-gedrag.
- * die skool inlig indien daar enige vermoede bestaan dat hul kind geboelie word of self skuldig is aan boelie-gedrag.
- * hulle weerhou daarvan om hul kind te leer om vergeldend op te tree.
- * waar hulle kind betrokke was by die mishandeling van 'n ander leerder, teen hul eie kind optree en die skool inlig wat hulle optrede behels het.

OPTREDE TEEN BOELIES

Die prosedures en strafmaatreëls soos vervat in die Gedragkode van die skool, is ook in hierdie gevalle van toepassing.

Alle skuldiges aan boelie-gedrag sal op die volgende wyse hanteer word:

- * die personeellid verantwoordelik vir die dissipline of graad, hanteer die boelie met gesprekvoering (kyk na die erns van die saak).
- * briefies word ook deur personeellid hanteer.

Indien leerders se gedrag nie verbeter of verander nie, sal die volgende aksies toegepas word:

- * die boelie word na die hoof verwys vir hantering.
- * ouers word gekontak deur die hoof.
- * ouers word genooi vir 'n onderhoud deur die hoof.
- * ontneming van voorregte bv. uitstappies ens. soos besluit deur die Hoof.
- * detensie deur middel van pouses onttrek van sosiale interaksie met andere.



- * finale skriftelike waarskuwing deur die Hoof.
- * dissiplinêre verhoor (Hoof en Beheerliggaam).
- * uitsetting uit die skool (Hoof, Beheerliggaam en Departement van Onderwys).

Aanvaar op : 4/2/2025

Geteken : [Handwritten Signature]
Voorsitter: Beheerliggaam

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
LUCAS MEYER PRIMêRE SKOOL
POSBUS 99 - VRYHEID - 3100
TEL : 034-981 5006 / 034-981 5054
FAKS : 034-983 2127
e-pos : skool@lucasmeyer.org.za
DATUM : 4/2/2025

TEKEN: [Handwritten Signature] DATUM: 4/2/2025

TEKEN: _____ DATUM: _____

TEKEN: _____ DATUM: _____

TEKEN: _____ DATUM: _____

TEKEN: _____ DATUM: _____

TEKEN: _____ DATUM: _____

TEKEN: _____ DATUM: _____

TEKEN: _____ DATUM: _____